# BESTUUR JOU WERKGEWERREKENING

## Wat is nuut?

**16 Mei 2019 - Veranderinge aan die rekeningstaat**

Op 26 April 2019 het ons veranderinge aan die salarisrolbelastings rekeningstaat (SOA) bekendgestel in 'n poging om klagtes aan te spreek wat van werkgewers ontvang is oor foute wat voorkom op die SOA.

Die SOA wys die balans en volledige transaksies vir 'n belastingjaar vir werknemersbelasting (LBS), die vaardigheidontwikkelingsheffing (VOH), die werkloosheidversekeringsfonds (WVF) en die werkgewer belastingaansporing (ETI).

Die doel van hierdie staat is om 'n oorsig aan die werkgewer te verskaf van die finansiële transaksies vir die verskeie salarisrolbelastings om werkgewers sodoende in staat te stel om hul werkgewer rekonsiliasie verklaring twee maal per jaar te voltooi en in te dien.
Om seker te maak dat die inligting in hierdie staat duidelik en begryplik is, het ons die manier waarop finansiële transaksies vertoon word verander. Van die sleutel versterkings sluit in:

- Beskrywings is verbeter om 'n beter begrip aan werkgewers te verskaf oor die twee soorte transaksies wat weergegee word, d.i. aanspreeklikheids- en nie-aanspreeklikheidstransaksies
- Alle aanspreeklikheidstransaksies word nou saam gegroepeer en gesorteer in transaksie-datumvolgorde met die uitsluiting van
nie-finansiële transaksies met 'n datum vroeër as die eerste dag van die tydperk
- Die toevoeging van 'n kwitansienommer vir betalings en joernale sal werkgewers in staat stel om betalings uniek te identifiseer en dit terug na hul bankstate te rekonsilieer
- ETI transaksies wat geen impak op die LBS-rekening het nie, is saam gegroepeer en sal onderaan die rekeningstaat aangetoon word.

Verwys na die SOA voorbeeld en toeligtingsnotas vir meer inligting.

## Wat is die werkgewerrekening?

Die maandelikse werkgewer verklaring (EMP201) en betalingsproses verskaf werkgewers met 'n makliker en meer effektiewe manier om hulle werknemersbelasting (LBS), vaardigheidontwikkelingsheffing (VOH) en werkloosheidversekeringfonds (WVF) rekeninge te bestuur. In die verlede, moes werkgewers die SARS personeel vra om herallokerings en korreksies op betalings namens hulle te maak. Die inwerkingstelling van die EMP201 en betalingveranderinge is gemik daarop om werkgewers te bemagtig sodat hulle hul eie rekeninge kan bestuur en self vir die akkuraatheid en volledigheid daarvan aanspreeklik kan wees. Hierdie skuif in aanspreeklikheid en fokus sal behaal word deur die vermoë aan werkgewers te gee om:

- Verklarings aan te pas en betalings te allokeer deur die gebruik van die EMP201
- Rekeninge te besigtig om foutiewe/vermiste transaksies te identifiseer en op te volg deur die gekonsolideerde werkgewerrekeningstaat (EMPSA) en navraagfunksie
- Ongeallokeerde betalings reg te stel.

Rekeningbestuur is daar om seker te maak dat jou finansiële (of belasting) rekening korrek en op datum is. Met ander woorde, al die nodige belastingopgawes word korrek weergegee, betalings is korrek geallokeer en alle heffings op jou rekening (insluitend aanpassings, rente en boetes) is korrek bereken en vasgelê.

Die doel hiervan is om die werkgewer in staat te stel om sy/haar finansiële verantwoordelikhede onafhanklik en op 'n effektiewe, doeltreffende wyse te hanteer.

## Vir wie is dit?

SARS het voorsiening gemaak vir 'n werkgewer om sy/hy eie rekening te hanteer deur 'n aantal funksies en hulpmiddels:

- 'n EMP201 en betalingverwysingsnommer (PRN) wat jou in staat stel om jou verklaring te verander en jou betalings makliker te herallokeer
- 'n Herontwerpte EMPSA wat LBS, VOH en WVF op 'n enkele rekening konsolideer met stawende verduidelikings en notas vir makliker vertolking
- Aanlyntoegang tot jou finansiële rekeninge. Nie net kan jy transaksies, wat teen jou rekeninge geprosesseer is, besigtig en bevraagteken nie, maar jy kan nou ook hierdie transaksies in werklike tyd aanpas
- 'n Saakbestuurstelsel waar jy rekeningfoute of -weglatings, wat jy nie self kan regstel nie of wat jy wil bevraagteken, kan rapporteer, insluitend 'n manier om SARS vordering met die oplos van jou navraag te monitor.

Rekeningbestuur moet 'n vinnige en eenvoudige proses wees solank jy die PRN korrek gebruik wanneer jy die EMP201 indien en betaal.

Om die blad in ander tale te besigtig, klik op die skakels hieronder:

- IsiZulu
- Sesotho
- Sepedi
- Xitsonga